



Dis nie vir bolle rol nie

Rateltaai, vas op sy voete en ruim genoeg vir jou én jou kroos. Bush Lapa se Miskruier slaag sy bosmatriek met 'n rits onderskeidings.

Teks en foto's Charles Thompson

Boskampe, 4x4-roetes en aande onder die sterre... dis nou nie dinge waaraan jy eerste dink as jy die woord "miskruier" hoor nie, maar dis presies wat jy kry met Bush Lapa se boswoonwa wat dié naam dra.

Die Miskruier is 'n taai kalant wat jy maar ver die veld in kan sleep, want hy het min fieterjasies wat kan buig of breek. En wanneer jy 'n tweespoorpad met dié wa aandurf, weet jy skaars van hom, of dit nou sand-, klip-, modder- of sinkplaatpad is.

Die Miskruier is die grootste in 'n reeks van vier boswaens wat Jannie Oeschger en sy Bush Lapa-span op Worcester bou. 'n Mens sien gou hoekom die fabriek nie kan voorbly met die bestellings nie, want so taai as wat die Miskruier buite is, so gerieflik is hy binne.

As jy gewoonde is aan tent opslaan, is die Miskruier 'n plesier. Sy slaapkompartemente vou binne 'n paar minute uit en die dak stoot jy sommer met die een hand op 'n gasveer boontoe. Terwyl jy dit doen, druk Ma of een van die tieners gou 'n paar pale in die grond, en voor jy nog halfpad is met jou eerste koppie koffie, is alles opgeslaan, uitgestoot, styfgespan en reg vir die aand se kamp en kuier.

1 Niks nonsies

Die kombuisgedeelte is eenvoudig en funksioneel, met genoeg plek vir 'n lang vakansie se kombuisbenodigdhede. Bottels en speserye pas ewe gemaklik in die middelste rak, tussen twee lang rakke aan elke kant.

Die werkblad is net net langer as 'n meter, maar omdat daar geen laaie daarop uitswaai nie, kan jy die hele



vlekvryestaalblad gebruik. Jy kan breekwarestelle en

eetgerei opsioneel koop by Jannie-hulle.



2 Bring jou yskas, én jou buurman s'n

Langs die kombuisblad swaai 'n groot laai uit met genoeg plek vir 'n 90ℓ-

National Luna, maar jy kan ook twee 40ℓ-Engel-yskaste langs mekaar inpas. Met dié

ontwerp kan die voorste yskas se deksel heeltemal oopmaak sonder dat dit êrens teen die bakwerk stamp as jy die laai uittrek, iets wat nogal 'n pyn kan wees in boswaens.

Daar is 'n tweeplaatstoof voor die yskaslaai, met nog 'n laai onder dit vir dinge soos potte en panne.

Die gasstoof is nie permanent gekoppel aan 'n gasbottel nie. Dis moeite as jy net een gasbottel het en jy moet dan elke dag jou gaslamp afskroef om koffie te maak, maar dis veiliger, en in die pas met maonlike veranderinge in die wet op gaskoppellings vir sleepgoed.



3 Gly in

Jy kan enigiets by Bush Lapa bestel en só jou Miskruier-kamp uitbrei: van 'n enkele afdak tot 'n volledige Rally-tent, sowel as seilsakke vir kombuisware wat teen die bakwerk hang. Die seile gly op gleuwe teen die wa in.



4 Skyn skerp

'n Groot LED-lig (a) skyn tot 3m voor die kombuis Kant. Bo die blad is daar 'n 12V-prop (b). (Daar is altesame drie Hella-kragpunte op die Miskruier.) Aan die agterkant van die kombuisge-deelte sit drie kragproppe (c) op net die regte plek vir 'n ketel of broodrooster.



5 Dink groot óf klein

Daar is genoeg wiel-ruimte om 15-, 16- of 17-duim-bande op te sit.



6 Nie-so-domkrag

Die Miskruier se stutpenne dien ook as domkrag vir wanneer jy êrens in die bos vasval. Die stutte maak stewig agter op die bos-woonwa vas wanneer jy ry. Die slingers daarvoor sit langs die kant, en nie bo-op nie – dus is daar genoeg plek om die handvat te draai, selfs as die kombuis-blad oopgeslaan is. >



7 Gou-gou droomland toe

Die voorste uitvoubed (7a) is maklik om reg te kry. Twee stutpenne klik aan elke kant van die blad vas om die struktuur styf te span. Dis makliker om die blad van binne af plat te stoot as om dit van buite af te trek. Sorg net dat iemand buite keer dat die hele blad neerval.

Die voorste slaapplek se boseil is aan die woonwa

vasgewerk. Al wat jy hoef te doen is om vyf penne onder die blad in te haak en hulle deur die seil se boonste ogies te haak om dit styf te span.

Die bed langs die kant (7b) slaan byna net so vinnig soos die voorste een op, maar jy moet eers sy seil op 'n gleuf buite bo die bed, op die kant van die Miskruier, ingly.

8 Kyk sulke neusgate

Die neuskas het twee metaalbokse wat kan sluit, en elkeen van hulle het plek vir 'n sak houtskool en 'n sak hout. In die middel van die neuskas is daar plek vir twee jerrykanne, en dan is daar vier ringe bo-op die bokse waarop jy 'n lang stomp uit die veld kan vasmaak.



9 En lig!

Jy hoef nie Jimmy Abbott te wees om die dak oop te vou nie. 'n Stewige handvat en hidrouliese skarniere maak die taak moontlik vir 'n gewone ou en sy vrou.

10 Slim liggies

LED-liggies is logies in die wa versprei. Jy sal nie sommer na jou flits tas as jy eers binne is nie.



11 Klop-klop...

'n Woonwadeurhandvat en twee ekstra handvatsels langsaan beteken jy kan die wa snags van binne af sluit, en die deur van buite af dig toemaak om stof uit te hou in die ry. Twee gate

(elk omtrent so groot soos 'n man se handpalm) tussen die kantslaapplek se blad en die woonwa se kant los egter oorgenoeg plek sodat goggas snags kan inkom.



12 Maak oop daar

'n Staalblad onder die onderste bed maak oop na die watertenk (opsioneel), battery en 'n klein pakruimte. Jy kan die blad onder die voorste matras oplig om by die yskaslaai uit te kom,

maar jy kan nie jou kinders snags uit die pad rol as jy 'n oorskietbroodjie wil gaan haal nie. Die opening is gemaak om by die pakplek in die laai ágter die yskaste uit te kom.



13 Lê laag


Vier volwassenes kan gemaklik in die Miskruier slaap. Met die dak uitgevou kan twee slotte binne staan,

maar dit kos 'n paar kopstampe voor jy gewoon raak aan die lae inkruipplekke na die beddens.

14 Mooi pak

Die slaapgedeelte het nie hope pakplek nie, maar elke beskikbare ruimte word benut.

Oorkant die onderste bed is 'n reeks rakke en 'n paar gaatjies vir dinge soos skoene en tydskrifte. Al die rakke rits netjies toe om die stof van jou skoon sokkies af te hou.



15 Komper van 'n kragboks

Die kragboks het 'n twee- en driepuntprop, en 'n nuttige ry liggies wys hoeveel krag jou battery nog het.



Die tegniese goed

Lengte (met noodwiel):

4,05 m

Breedte (sonder skarniere):

1,85 m

Hoogte: 1,93 m

Netto gewig (met standaardtoerusting): 740 kg

Dravermoe: 760 kg

BVM: 1,5 ton

Prys (standaard): R134 200

Kontak: 023 347 4333;

jannie@bushlapa.com

Minus


- Min pakplek vir 'n boswoonwa vir vier volwassenes.
- Die ingang na die onderste bed is laag, en jy stamp jou kop 'n paar keer voor jy aan hom gewoon raak.
- Die neuskaste het baie pakplek, maar jy kan nie swaar bagasie daar inlaai nie.

Plus

- Min moeite om op of af te slaan.
- Uitstekende veldvermoe.
- Groot binnerruim met gerieflike slaapplek.

WegSleep sê: 'n Ruim,

gemaklike boswoonwa wat maklik op- en afslaan, uitstekend sleep op die pad en in die veld, en wat jy goed kan toerus vir lang vakansies diep die bosse in.



* WegSleep het die Miskruier by die vervaardiger gehuur.